**Zitholele Consulting (Pty) Ltd**
Reg. No. 2000/000392/07
PO Box 6002, Halfway House, 1685
South Africa
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel 011-207-2060
Fax 086-676-9950
Email: mail@zitholele.co.za

16 May 2011

Dear Stakeholder

**Environmental Impact Assessment and Waste Management License Application for a proposed extension of ash disposal facilities and associated infrastructure at Camden Power Station**

An Integrated Environmental Impact Assessment (EIA) and Waste Management License Application (WMLA) are being undertaken for a proposed extension of ash disposal facilities at Camden Power Station near Ermelo in Mpumalanga.

Recent studies have revealed that the current ash disposal facility will not be able to accommodate all the ash for the remaining operational life of the Camden power station, which will end in 2033. It was determined that the station would require an additional ash disposal facility by 2014, and this investigation is for undertaking the required environmental authorisation processes for this proposal.

An EIA must be conducted according to the National Environmental Management Act, (Act No 107 of 1998). New regulations (GNR 543 - 546 – Government Gazette No. 33306) were published in June 2010, which indicate that this proposed development must adhere to before being approved by the Department of Environmental Affairs (DEA).

Zitholele Consulting (Pty) Ltd has been appointed as the Environmental Assessment Practitioner (EAP) for this EIA and WMLA. The decision-making authority for this project is the DEA while the Mpumalanga Department of Economic Development, Environment and Tourism is a key commenting authority on this study.

You are invited to register as an Interested and/or Affected Party (I&AP) and to participate in this environmental process by using the registration and comment sheet in the enclosed Background Information Document. Please return the comment sheet at the latest by 17 June 2011 for this initial public notification process, although submissions and public participation will continue throughout the EIA process.

Kindly send your reply to Anelle Lötter or Florence Rambuda at the Public Participation Office on fax number 086-676-9950 or e-mail to alotter@zitholele.co.za / florencer@zitholele.co.za. You are also welcome to contact Zitholele Consulting on (011) 207-2076 or (011) 207- 2075.

This assessment is being conducted on behalf of Eskom.

Yours sincerely

**Anelle Lötter**
**Public Participation Office**

**Zitholele Consulting (Edms) Bpk**
Reg. No. 2000/000392/07
Posbus 6002, Halfway House, 1685
Suid-Afrika
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel 011 207 2060
Faks 086 676 9950
E-pos: mail@zitholele.co.za

16 Mei 2011

Geagte Belanghebbende

**Omgewingsimpakbepaling en Aansoek vir Afvalbestuurslisensie vir 'n voorgestelde uitbreiding van aswegdoenfasiliteite en gepaardgaande infrastruktuur by die Camden-kragstasie**

'n Geïntegreerde Omgewingsimpakbepaling (OIB) en Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie (AABL) word gedoen vir 'n voorgestelde uitbreiding van aswegdoenfasiliteite by die Camden-kragstasie naby Ermelo in Mpumalanga.

Onlangse studies het getoon dat die huidige aswegdoenfasiliteit nie al die as vir die oorblywende bedryfslewe van die Camden-kragstasie, wat in 2033 ten einde loop, sal kan hanteer nie. Daar is vasgestel dat die kragstasie teen 2014 'n bykomende aswegdoenfasiliteit sal nodig kry, en hierdie ondersoek is om die vereiste omgewingsmagtigingsprosesse vir hierdie voorstel te volg.

'n OIB moet ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998), gedoen word. Nuwe regulasies (GK R.543 – 546, *Staatskoerant* No. 33306) is in Junie 2010 gepubliseer en bepaal dat hierdie voorgestelde ontwikkeling daaraan moet voldoen voordat die Departement van Omgewingsake (DO) dit kan goedkeur.

Zitholele Consulting (Edms) Bpk is as die Omgewingsbepalingspraktisyn (OBP) vir hierdie OIB en AABL aangestel. Die besluitneemowerheid vir hierdie projek is die DO, en Mpumalanga se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing en Toerisme is 'n sleutelkommentaarowerheid vir hierdie studie.

U word genooi om as 'n Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en om aan hierdie omgewingsproses deel te neem deur die registrasie- en kommentaarblad in die ingeslote Agtergrondinligtingsdokument te gebruik. Stuur asb die kommentaarblad nie later nie as 17 Junie 2011 terug vir hierdie aanvanklike openbare kennisproses, hoewel voorleggings en openbare deelname dwarsdeur die OIB-proses sal voortgaan.

Rig asb u antwoord aan Anelle Lötter of Florence Rambuda van die Kantoor vir Openbare Deelname by faksnommer 086 676 9950 of per e-pos aan alotter@zitholele.co.za / florencer@zitholele.co.za. U kan ook met Zitholele Consulting skakel by 011 207 2076 of 011 207 2075.

Hierdie bepaling word namens Eskom gedoen.

Met vriendelike groete

**Anelle Lötter**
**Kantoor vir Openbare Deelname**

**Zitholele Consulting (Pty) Ltd**
Reg. No. 2000/000392/07
PO Box 6002 Halfway House 1685
South Africa
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel 011-207-2060
Fax 086-676-9950
Email: mail@zitholele.co.za

16 May 2011

**Attention: Landowner**

# Extension of ash disposal facilities at Camden Power Station

NOTIFICATION OF

**ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT PROGRAMME**

(in terms of the National Environmental Management Act, Act 107 of 1998), and a

**WASTE MANAGEMENT LICENSE APPLICATION**

(in terms of the National Environmental Management: Waste Act, At 59 of 2008)

An Integrated Environmental Impact Assessment (EIA) and Waste Management License Application (WMLA) are being undertaken for the proposed extension of ash disposal facilities and associated infrastructure at the Camden Power Station near Ermelo in Mpumalanga.

The Camden Power Station is a coal fired power station which is part of Eskom's power generation fleet. At this station, coal is the fuel burnt to generate electricity, which is fed into the national grid, but produces fine and coarse ash which has to be disposed of in an environmentally responsible manner. Ash disposal includes a process called 'wet ashing' which involves disposal of ash by pumping the ash as slurry through a pipeline to the ash facility. Some of the dry ash is also transported to the ash facility with a conveyor belt.

Recent studies have revealed that the current ash disposal facilities will not be able to accommodate all the ash to be generated during the remaining operational life of the Camden power station, which is predicted to end in 2033. It was determined that the station would require an additional ash disposal facility by 2014. It is anticipated that approximately 28.3 million $m^3$ of ash will be generated by the Camden power station until 2033.

The proposed ash disposal facilities will have a ground foot print of approximately 120 hectares. However, a radius of 10 km around the Camden Power Station will be investigated during this EIA to identify potential sites, assess the sites and make a recommendation on the most favourable site, and all landowners within this radius are being informed of these processes.

The EIA will identify, propose and assess potential sites. An EIA and Environmental Management Programme (EMProg) are required in terms of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998) and the NEMA EIA regulations (Government Notice Regulation [GNR]) 543 to 546, published in June 2010. A WMLA in terms of the National Environmental Management: Waste Act (No. 59 of 2008) must also be undertaken.

This notice is in terms of Section 15 of GNR 543, which requires that landowners and people in control of land be notified of Eskom's intention to submit an application for environmental authorisation to the Department of Environmental Affairs.

This notice and the submission of the application form is the first step in the EIA and WMLA processes.

Konrad Kruger of Zitholele Consulting will act as the independent Environmental Assessment Practitioner responsible for the EIA and WMLA.

A Background Information Document (BID) will be sent to you shortly. The BID will provide you with a description of the proposed project, the EIA and WMLA processes, the public participation process and the affected environment.

A full public participation process will be conducted as an integral part of the EIA and WMLA application. This process will be coordinated and executed by Zitholele Consulting. As a potential interested or affected party you are requested to participate in the environmental impact assessment process.

For your participation, you are encouraged to register as an Interested or Affected Party (I&AP), and submit any comments, questions or issues that you may have about the proposed project, in writing, to Zitholele Consulting on fax number 086 676 9950, email alotter@zitholele.co.za or postal address PO Box 6002, Halfway House, 1685. You are also welcome to contact Zitholele telephonically on 011 207 2076 / 2077.

Yours sincerely

**Anelle Lötter**
**Public Participation Office**

**Zitholele Consulting (Edms) Bpk**
Reg. No. 2000/000392/07
Posbus 6002 Halfway House 1685
Suid-Afrika
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel 011 207 2060
Faks 086 676 9950
E-pos: mail@zitholele.co.za

16 Mei 2011

**Aandag: Grondeienaar**

# Uitbreiding van aswegdoenfasiliteite by die Camden-kragstasie

KENNISGEWING VAN

**OMGEWINGSIMPAKBEPALING EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM**

(ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998), en 'n

**AANSOEK VIR 'N AFVALBESTUURSLISENSIE**

(ingevolge die National Environmental Management: Waste Act, Wet 59 van 2008)

'n Geïntegreerde Omgewingsimpakbepaling (OIB) en Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie (AABL) word gedoen vir die voorgestelde uitbreiding van aswegdoenfasiliteite en gepaardgaande infrastruktuur by die Camden-kragstasie naby Ermelo in Mpumalanga.

Die Camden-kragstasie is 'n steenkoolkragstasie wat deel van Eskom se kragopwekkingsvloot is. By hierdie kragstasie is steenkool die brandstof wat verbrand word om elektrisiteit op te wek, wat in die nasionale netwerk gevoer word, maar die kragstasie produseer fyn en growwe as wat op 'n omgewingskundig verantwoordelike wyse weggedoen moet word. Aswegdoening sluit in 'n proses wat 'nataswegdoening' genoem word, wat behels dat as weggedoen word deur dit as 'n flodder deur 'n pypleiding na die asfasiliteit te pomp. 'n Deel van die droë as word ook met 'n vervoerband na die asfasiliteit vervoer.

Onlangse studies toon dat die huidige aswegdoenfasiliteite nie al die as vir die oorblywende bedryfslewe van die Camden-kragstasie, wat in 2033 ten einde loop, sal kan hanteer nie. Daar is vasgestel dat die kragstasie teen 2014 'n bykomende aswegdoenfasiliteit sal moet kry. Na verwagting sal ongeveer 28.3 miljoen $m^3$ as tot 2033 deur die Camden-kragstasie geproduseer word.

Die voorgestelde aswegdoenfasiliteite sal 'n grondvoetspoor van sowat 120 hektaar hê. 'n Radius van 10 km rondom die Camden-kragstasie sal egter gedurende hierdie OIB ondersoek word om potensiële terreine te identifiseer, die terreine te evalueer en 'n aanbeveling oor die gunstigste terrein te maak, en alle grondeienaars binne hierdie radius word van hierdie prosesse in kennis gestel.

Die OIB sal potensiële terreine identifiseer, voorstel en evalueer. 'n OIB en 'n Omgewingsbestuursprogram (OBProg) word vereis ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (No. 107 van 1998) en die OIB-regulasies (Goewermentskennisgewings R.543 tot 546) wat in Junie 2010 gepubliseer is. 'n Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie (AABL) moet ook gedoen word ingevolge die National Environmental Management: Waste Act (Wet No. 59 van 2008).

Hierdie kennisgewing is ingevolge Item 15 van Goewermentskennisgewing R.543, wat vereis dat grondeienaars en mense in beheer van grond in kennis gestel moet word van Eskom se voorneme om 'n aansoek vir omgewingsmagtiging by die Departement van Omgewingsake in te dien.

Hierdie kennisgewing en die voorlegging van die aansoekvorm is die eerste stap in die OIB- en AABL-prosesse.

Konrad Krüger van Zitholele Consulting sal as die onafhanklike Omgewingsbepalingspraktisyn optree wat vir die OIB en die AABL verantwoordelik is.

'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) sal binnekort aan u gestuur word. Die AID sal u voorsien van 'n beskrywing van die voorgestelde projek, die OIB- en AABL-prosesse, die proses van openbare deelname en die geaffekteerde omgewing.

'n Volledige proses van openbare deelname sal as 'n integrale deel van die OIB en die ABL-aansoek gedoen word. Hierdie proses sal deur Zitholele Consulting gekoördineer en uitgevoer word. As 'n potensiële belanghebbende of geaffekteerde party word u versoek om aan die omgewingsimpakbepalingsproses deel te neem.

Vir u deelname word u aangemoedig om as 'n Belanghebbende of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en enige kommentaar, vrae of kwessies oor die voorgestelde projek skriftelik aan Zitholele Consulting voor te lê by faksnommer 086 676 9950, e-pos alotter@zitholele.co.za of posadres Posbus 6002, Halfway House, 1685. U kan Zitholele ook telefonies skakel by 011 207 2076 / 2077.

Met vriendelike groete



**Anelle Lötter**
**Kantoor vir Openbare Deelname**

**Zitholele Consulting (Pty) Ltd**
Reg. No. 2000/000392/07
PO Box 6002, Halfway House, 1685
South Africa
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel 011-207-2060
Fax 086-676-9950
Email: mail@zitholele.co.za

11 July 2011

Dear Stakeholder

**PROPOSED EXTENSION OF ASH DISPOSAL FACILITIES AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE AT CAMDEN POWER STATION - DEA REF NO: 12/12/20/2300**

**Draft Scoping Report available for public comment and an invitation to a public meeting to discuss the proposed project**

An integrated Environmental Impact Assessment (EIA) and Waste Management License Application (WMLA) are being undertaken for the proposed extension of ash disposal facilities at Camden Power Station near Ermelo in Mpumalanga.

Recent studies have revealed that the current ash disposal facility will not be able to accommodate all the ash for the remaining operational life of the Camden power station, which will end in 2033. It was determined that the station would require an additional ash disposal facility by 2014, and this investigation is for undertaking the required environmental investigation and authorisation processes for this proposal.

Notification letters and a background information document have been distributed, and site notices were placed, in May 2011 to inform stakeholders of this environmental assessment process and the approvals that are required. Based on the feedback received to date, a Draft Scoping Report has been prepared and will be made available for public review and comment.

**Availability of Draft Scoping Report for public review from 18 July to 22 August 2011**

In accordance with the EIA Regulations, one of the purposes of a scoping process is to identify issues related to a project. It also provides an opportunity for the public to comment, identify issues and concerns regarding the activity and/or alternatives, suggesting ways of avoiding, reducing or mitigating negative impacts of an activity and enhancing positive impacts.

Issues and concerns raised by the public, along with issues identified by the environmental technical specialists, will be used to define the Terms of Reference for the Specialist Studies that will be conducted during the Impact Assessment Phase of the EIA.

The Draft Scoping Report (DSR) also allows Interested and Affected Parties (I&APs) to verify that their contributions have been captured and correctly understood.

The DSR will be available for public review from **18 July to 22 August 2011**. Thereafter the report will be updated and submitted to the lead authority for the EIA and WMLA, the National Department of Environmental Affairs (DEA).

The report will be available for review from **18 July 2011** at the following locations:

| Contact | Location | Contact |
|---|---|---|
| **Printed Copies** | | |
| Mr Stanley Dondolo | Ermelo Public Library | (017) 801-3621 |
| Ms Thandiwe Mzoyi | Camden Power Station | (017) 827 8000 |
| **Electronic Copies** | | |
| Mr Tobile Bokwe | www.eskom.co.za/eia Camden ash disposal | 011 800 2303 |
| Mr Andre Joubert | www.zitholele.co.za/camden-power-station | 011 207 2077 |
| Mr Andre Joubert | Available on CD on request via email from Zitholele Consulting | Phone 011 207 2077, or send email request to andrej@zitholele.co.za, or complete the enclosed form. |

You are requested to comment on the DSR in any of the following ways:

- Completing the comment sheet enclosed;
- Writing a letter, or producing additional written submissions;
- Sending an email or phoning the public participation office; or
- Attending a public meeting (see below for details).

## Invitation to a public meeting on Wednesday, 27 July 2011

An open house and public meeting will be held on Wednesday, 27 July 2011 at the Indawo Game Reserve, near Camden power station. The purpose of the public meeting will be to present the outcomes of the scoping process, and to allow discussions around those outcomes and to make recommendations which will be taken into the Scoping and Impact EIA phase. Our technical experts and Eskom officials will be available during the Open House for discussions regarding this project.

Please fill in the enclosed form and return it by **Friday, 22 July 2011**. This will allow us to send you an electronic copy of the DSR in advance. The details of the public meeting are:

| | | |
|---|---|---|
| **Date:** | Wednesday, 27 July 2011 | |
| **Time:** | Open House | **16:00 to 17:30** |
| | Public meeting | **18:00 to 20:00** |
| **Venue:** | Indawo Game Reserve | |

**(The venue is on the N2 between Ermelo and Piet Retief, about 3 km south-east of the Camden Power Station)**

Kindly send your reply to Anelle Lötter or Florence Rambuda at the Public Participation Office on fax number 086-676-9950 or e-mail to alotter@zitholele.co.za / florencer@zitholele.co.za. You are also welcome to contact Zitholele Consulting on (011) 207-2076 or (011) 207- 2075.

This assessment is being conducted on behalf of Eskom.

Yours sincerely



**Anelle Lötter**
**Public Participation Office**

**Zitholele Consulting (Edms) Bpk**
Reg. No. 2000/000392/07
Posbus 6002, Halfway House, 1685
Suid-Afrika
Thandanani Park, Matuka Close
Halfway Gardens, Midrand
Tel: 011 207 2060
Faks: 086 676 9950
E-pos: mail@zitholele.co.za

11 Julie 2011

Geagte Belanghebbende

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN ASWEGDOENFASILITEITE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR BY DIE CAMDEN-KRAGSTASIE – DOS-VERWYSING: 12/12/20/2300**

**Konsep-Omvangbepalingsverslag beskikbaar vir openbare kommentaar en 'n uitnodiging na 'n openbare vergadering om die voorgestelde projek te bespreek**

'n Geïntegreerde Omgewingsimpakbepaling (OIB) en Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie (AABL) word gedoen vir die voorgestelde uitbreiding van aswegdoenfasiliteite by die Camden-kragstasie naby Ermelo in Mpumalanga.

Onlangse studies toon dat die huidige aswegdoenfasiliteite nie al die as vir die oorblywende bedryfslewe van die Camden-kragstasie, wat in 2033 ten einde loop, sal kan hanteer nie. Daar is vasgestel dat die kragstasie teen 2014 'n bykomende aswegdoenfasiliteit sal moet kry, en hierdie ondersoek word gedoen vir die vereiste omgewingsondersoek- en magtigingsprosesse vir hierdie voorstel.

Kennisgewingsbriewe en 'n agtergrondinligtingsdokument is in Mei 2011 versprei en terreinkennisgewings is aangebring om belanghebbendes in kennis te stel van hierdie omgewingsbepalingsproses en die goedkeurings wat vereis word. Op grond van die terugvoer wat tot dusver ontvang is, is 'n Konsep-Omvangbepalingsverslag opgestel, wat vir openbare insae en kommentaar beskikbaar gestel sal word.

**Beskikbaarheid van Konsep-Omvangbepalingsverslag vir openbare insae van 18 Julie tot 22 Augustus 2011**

In ooreenstemming met die OIB-regulasies is een van die oogmerke van 'n omvangbepalingsproses om kwessies rakende 'n projek te identifiseer. Dit bied ook aan die publiek 'n geleentheid om kommentaar te lewer, kwessies en kwellings rakende die aktiwiteit en/of alternatiewe te identifiseer en maniere voor te stel om negatiewe impakte van 'n aktiwiteit te vermy, te verminder of te versag en positiewe impakte te vergroot.

Kwessies en kwellings wat deur die publiek geopper word, saam met kwessies wat deur die tegniese omgewingspesialiste geïdentifiseer word, sal gebruik word om die Opdrag vir die Spesialisstudies te definieer wat gedurende die Impakbepalingsfase van die OIB gedoen sal word.

Die Konsep-Omvangbepalingsverslag (KOV) stel Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) ook in staat om seker te maak dat hulle bydraes opgeneem is en korrek verstaan word.

Die KOV sal van **18 Julie tot 22 Augustus 2011** beskikbaar wees vir insae deur die publiek. Daarna sal die verslag bygewerk word en aan die verantwoordelike owerheid vir die OIB en AABL, die nasionale Departement van Omgewingsake (DOS), voorgelê word.

Die verslag sal vanaf **18 Julie 2011** op die volgende plekke ter insae beskikbaar wees:

| Kontak | Plek | Kontak |
|---|---|---|
| | **Gedrukte Eksemplare** | |
| Mnr Stanley Dondolo | Ermelo Openbare Biblioteek | 017 801 3621 |
| Me Thandiwe Mzoyi | Camden-kragstasie | 017 827 8000 |
| | **Elektroniese Weergawes** | |
| Mnr Tobile Bokwe | www.eskom.co.za/eia Camden ash disposal | 011 800 2303 |
| Mnr André Joubert | www.zitholele.co.za/camden-power-station | 011 207 2077 |
| Mnr André Joubert | Op CD verkrygbaar van Zitholele Consulting op aanvraag per e-pos | Telefoon 011 207 2077,<br>of stuur 'n e-posversoek aan andrej@zitholele.co.za, of vul bygaande vorm in. |

U word versoek om op enige van die volgende maniere op die KOV kommentaar te lewer:

- Vul die bygaande kommentaarblad in;
- Skryf 'n brief, of lewer bykomende skriftelike voorleggings;
- Stuur 'n e-pos of skakel die kantoor vir openbare deelname; of
- Woon 'n openbare vergadering by (kyk hieronder vir besonderhede).

## Uitnodiging na 'n openbare vergadering op Woensdag, 27 Julie 2011

'n Oop huis en openbare vergadering sal op Woensdag, 27 Julie 2011 gehou word by die Indawo-wildreservaat naby die Camden-kragstasie. Die doel van die openbare vergadering is om die uitkomste van die omvangbepalingsproses voor te hou en om geleentheid te gee vir besprekings oor daardie uitkomste en om aanbevelings te doen wat na die Omvangbepalings- en Impakfases van die OIB geneem sal word. Ons tegniese deskundiges en Eskom-beamptes sal gedurende die Oop Huis beskikbaar wees vir samesprekings rakende hierdie projek.

Vul asb die bygaande vorm in en stuur dit terug teen **Vrydag, 22 Julie 2011**. Dit sal ons in staat stel om vooraf vir u 'n elektroniese eksemplaar van die KOV te stuur. Die besonderhede van die openbare vergadering is:

| | | |
|---|---|---|
| **Datum:** | Woensdag, 27 Julie 2011 | |
| **Tyd:** | Oop Huis | **16:00 tot 17:30** |
| | Openbare vergadering | **18:00 tot 20:00** |
| **Plek:** | Indawo-wildreservaat | |

**(Die plek is op die N2 tussen Ermelo en Piet Retief, ongeveer 3 km suidoos van die Camden-kragstasie)**

Stuur asb u antwoord aan Anelle Lötter of Florence Rambuda by die Kantoor vir Openbare Deelname by faksnommer 086 676 9950 of e-pos aan alotter@zitholele.co.za / florencer@zitholele.co.za. U kan Zitholele Consulting ook skakel by 011 207 2076 of 011 207 2075.

Hierdie bepaling word namens Eskom gedoen.

Met vriendelike groete

**Anelle Lötter**
**Kantoor vir Openbare Deelname**

| | |
|---|---|
| **Environmental Impact Assessment and Waste Management License Application for a proposed extension of ash disposal facilities at Camden Power Station**<br>**DEA REF NO: 12/12/20/2300**<br>**COMMENT SHEET ON THE DRAFT SCOPING REPORT**<br>**Available for public review from 18 July to 22 August 2011** | **EIA Public Participation Office**<br>Anelle Lötter/Florence Rambuda<br>Zitholele Consulting (Pty) Ltd<br>P O Box 6002, Halfway House, 1685<br>Tel: (011) 207 2076/2075<br>Fax: 086-676-9950<br>Email: alotter@zitholele.co.za or<br>florencer@zitholele.co.za |

***Please complete by 22 August 2011, and return to the Public Participation Office (as above)***

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **TITLE** | | **FIRST NAME** | | | |
| **INITIALS** | | **SURNAME** | | | |
| **ORGANISATION** (Please do not use any acronyms) | | | | | |
| **ADDRESS** | | | | **POSTAL CODE** | |
| **TEL NO** | | **FAX NO** | | | |
| **CELL** | | **EMAIL** | | | |
| **SIGNATURE** | | **Farm name and portion number if you are a directly affected landowner** | | | |
| **DATE** | | | | | |

**COMMENTS (Please use separate sheets if necessary)**

1. Have your questions, concerns, issues and suggestions been captured? If not, please indicate below.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2. Of the issues already covered, do you wish to add additional aspects that have not yet been mentioned?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3. Please tell us, did you find the Draft Scoping Report useful? Please indicate below.

| | |
|---|---|
| **YES, USEFUL** | |
| **NEED IMPROVEMENT** | |
| **NO, NOT USEFUL** | |

Please tell us why:

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4. Any other comments you may have:

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

**THANK YOU FOR YOUR CONTRIBUTION**

| **Environmental Impact Assessment and Waste Management License Application for a proposed extension of ash disposal facilities at Camden Power Station**<br>**DEA REF NO: 12/12/20/2300**<br>**Reply sheet to receive the Draft Scoping Report and to attend a public meeting on 27 July 2011** | **EIA Public Participation Office**<br>Anelle Lötter/Florence Rambuda<br>Zitholele Consulting (Pty) Ltd<br>P O Box 6002, Halfway House, 1685<br>Tel: (011) 207 2076/2075<br>Fax: 086-676-9950<br>Email: alotter@zitholele.co.za or florencer@zitholele.co.za |
|---|---|

***Please complete by 22 July 2011 and return to the EIA Public Participation Office (as above)***

| | | | |
|---|---|---|---|
| **TITLE** | | **FIRST NAME** | |
| **INITIALS** | | **SURNAME** | |
| **ORGANISATION** | | **EMAIL** | |
| **POSTAL ADDRESS** | | | |
| | | **POSTAL CODE** | |
| **TEL NO** | | **FAX NO** | |

**REGISTRATION TO RECEIVE THE DRAFT SCOPING REPORT AND/OR TO ATTEND THE PUBLIC MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **DRAFT SCOPING REPORT**<br>I would like to receive a copy of the Draft Scoping Report (please circle the appropriate block) | | |
| Per email | **YES** | **NO** |
| CD by mail | **YES** | **NO** |
| **OPEN HOUSE AND PUBLIC MEETING**<br>I would like to attend the open house and public meeting (please circle the appropriate block) | | |
| I will attend the Open House (16:00 to 17:30) and Public Meeting (18:00 to 20:00) on **Wednesday, 27 July 2011** at Indawo Game Reserve | **YES** | **NO** |

**COMMENTS** (please use separate sheets if you wish)

Any comments you may have at this stage:

………………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………………

**Please ask the following of my colleagues/friends to register as I&APs for this project:**

………………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………………

**THANK YOU FOR YOUR CONTRIBUTION**

| **Omgewingsimpakbepaling en Aansoek vir Afvalbestuurslisensie vir 'n voorgestelde uitbreiding van aswegdoenfasiliteite by die Camden-kragstasie**<br>**DOS-VERWYSING: 12/12/20/2300**<br>**Antwoordblad om die Konsep-Omvangbepalingsverslag te ontvang en 'n openbare vergadering op 27 Julie 2011 by te woon** | **OIB-Kantoor vir Openbare Deelname**<br>Anelle Lötter/Florence Rambuda<br>Zitholele Consulting (Edms) Bpk<br>Posbus 6002, Halfway House, 1685<br>Tel: 011 207 2076/2075<br>Faks: 086 676 9950<br>E-pos: alotter@zitholele.co.za of florencer@zitholele.co.za |
|---|---|

***Vul asb in en stuur teen 22 Julie 2011 terug aan die OIB-Kantoor vir Openbare Deelname (soos hierbo)***

| | | | |
|---|---|---|---|
| **TITEL** | | **VOORNAAM** | |
| **VOORLETTERS** | | **VAN** | |
| **ORGANISASIE** | | **E-POS** | |
| **POSADRES** | | | |
| | | **POSKODE** | |
| **TEL NO** | | **FAKS NO** | |

**REGISTRASIE OM DIE KONSEP-OMVANGBEPALINGSVERSLAG TE ONTVANG EN/OF OM DIE OPENBARE VERGADERING BY TE WOON**

| **KONSEP-OMVANGBEPALINGSVERSLAG**<br>Ek wil graag 'n eksemplaar van die Konsep-Omvangbepalingsverslag ontvang (Omkring asb die toepaslike blokkie) | | |
|---|---|---|
| Per e-pos | **JA** | **NEE** |
| CD per pos | **JA** | **NEE** |
| **OOP HUIS EN OPENBARE VERGADERING**<br>Ek wil graag die Oop Huis en openbare vergadering bywoon (Omkring asb die toepaslike blokkie) | | |
| Ek sal die Oop Huis (16:00 tot 17:30) en die Openbare Vergadering (18:00 tot 20:00) op Woensdag**, 27 Julie 2011 by die** Indawo-wildreservaat bywoon. | **JA** | **NEE** |

**KOMMENTAAR** (Gebruik asb afsonderlike velle indien nodig)

Enige kommentaar wat u in hierdie stadium het:

……………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………

**Versoek asb die volgende van my kollegas/vriende om as B&GP's vir hierdie projek te registreer:**

……………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………

**DANKIE VIR U BYDRAE**